# Remediërende Werk

# VRAAG EEN : LEESBEGRIP

**Lees die volgende storie en beantwoord die vrae wat volg.**

## *My Verjaarsdag*

Gister was dit die 19de September. Ek het 12 jaar oud geword. Gelukkig was my verjaarsdag hierdie jaar op 'n Sondag!

Mamma het vir my 'n partytjie gereël. Ek kon 12 van my maats uitnooi. Ek was so opgewonde, ek kon nie meer wag vir Sondag nie. Mamma het die hele week gebak en inkopies gedoen om alles gereed te kry vir my groot dag.

My maats het vroeg in die oggend gekom, elkeen met 'n geskenk. Toe Ma en Pa hulle geskenk vir my gegee het, moes ek raai wat dit was.



"Dis 'n motortjie," raai ek.

"Nee, dis nie 'n motortjie nie, Safiyullah," antwoord Ma.

"Dan is dit 'n treintjie."

"Nee, dis ook nie 'n trein nie." sê Pa

"O, nou weet ek! Dis 'n krieketstel."

"Ja, nou het jy reg geraai," sê my ma.

"Baie baie dankie," sê ek en gee elkeen 'n soen en 'n drukkie.

Toe het ek en my maats gaan krieket speel. Ek het my pa met die eerste bal uitgeboul.

Daarna het ek my verjaarsdagkoek gesny en die kersies doodgeblaas. My maats het vir my gesing. Toe het almal die lekkereetgoed geëet. Zaid het sommer drie bottels koeldrank gedrink en twee hele pizzas geëet.

# VRAE

**Onderstreep die korrekte antwoord**

1. Wat is die naam van die seun wat verjaar het?

   A. Abdullah B. Safiyullah C. Zaid

2. Op watter dag het sy verjaarsdag geval?

   A. Vrydag B. Saterdag C. Sondag

3. Watter geskenk het sy ouers vir hom gegee?

   A. Treintjie B. Krieketstel C. Motortjie

4. Hoe oud sal die seun wees?

   A. Tien B. Elf C. Twaalf

5. Hoeveel maats het hy uitgenooi? ______________________________

6. Waar het die partytjie plaasgevind? ______________________________

7. Wanneer het die partytjie begin? ______________________________

8. Hoe laat was die partytjie klaar? ______________________________

9. Hoeveel kersies was daar op die koek? ______________________________

10. Gee 'n sinoniem uit die stuk vir die woord **môre**: ______________________________

11. Sê of die sin **Waar of Onwaar** is. Gee 'n rede vir jou antwoord.

    *Abdullah het twee bottels koeldrank gedrink.*

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

12. Kan die seun se pa goed krieket speel? Sê **Ja of Nee.** Gee 'n rede vir jou antwoord.

________________________________________

________________________________________

13. Hoe weet jy dat die seun baie gelukkig met sy geskenk was? Haal 'n sin uit die stuk om jou antwoord te motiveer.

________________________________________

________________________________________

14. Watter seisoen dink jy was dit? Gee 'n rede vir jou antwoord.

________________________________________

________________________________________

# VRAAG 2 : TAAL

2.1 Skryf in die **Verlede Tyd**

a. Die seun blaas die kersies.

---

b. Ma bak die hele dag.

---

2.2 Skryf in die **Toekomende Tyd**

a. Safiyullah is baie opgewonde.

---

b. Sy maats sing vir hom 'n liedjie.

---

2.3 Skryf die sin in die **Ontkenning**

a. Die water was baie koud.

---

b. Hulle het iets om te drink.

---

2.4 Verbind die volgende sinne met die **Voegwoord.**

a. Safiyullah het die koek gesny. Sy maats het vir hom gesing. (**en**)

---

b. Hulle het in die swembad gespring. Die water was te koud. (**maar**)

---

2.5 Skryf die sinne in die korrekte **Woordorde.**

a. die eerste bal, geboul, vinnig, Pa, het, gister

---

2.6 Vul in die korrekte **Voorsetsel**

My maats bedank my ___________________die partytjie.

2.7 Gee die korrekte **Meervoud** van die onderstreepte woord.

My partytjie was hierdie **jaar**op Saterdag. - ________________________

2.8 Gee die korrekte **Verkleinwoord** van die onderstreepte woord.

Ma bak vir my 'n klein **koek**. - ___________________________

2.9 Voltooi die sin met die korrekte **Voornaamwoord.**

Safiyullah se ouers gee vir _______________'n geskenk.

2.10 Gee die **Antoniem** vir die onderstreepte woord.

Die water was nog **koud.** - ___________________________